



**GAUTENG PROVINCE**  
EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**PROVINSIALE EKSAMEN**  
**JUNIE 2022**  
**GRAAD 11**  
**NASIENRIGLYNE**

**EKONOMIE (VRAESTEL 1)**

19 bladsye

|           |                          |            |
|-----------|--------------------------|------------|
| PROOFREAD | <input type="checkbox"/> | DATE _____ |
| SIGNATURE |                          | _____      |
| PROOFREAD | <input type="checkbox"/> | DATE _____ |
| SIGNATURE |                          | _____      |

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 A – ekonomiese huur. ✓✓
- 1.1.2 C – nasionale inkomste sal toeneem. ✓✓
- 1.1.3 A – besluitneming gesentraliseer. ✓✓
- 1.1.4 B – Wêreldgesondheidsorganisasie. ✓✓
- 1.1.5 B – demeriete ✓✓
- 1.1.6 C – wetgewende tak van die staat. ✓✓
- 1.1.7 C – aankoop van goedere en dienste. ✓✓
- 1.1.8 D – ekonomie. ✓✓ (8 x 2) (16)

**1.2 PASSENDE ITEMS**

- 1.2.1 K – 'n Toename in die produksie-kapasiteit van die ekonomie oor 'n spesifieke tydperk ✓ (6)
- 1.2.2 A – Verbind aan die samelewing en die ekonomie ✓
- 1.2.3 G – Betaling vir die gebruik van 'n produksie faktor wat 'n beperkte aanbod het ✓
- 1.2.4 J – C+I+G ✓
- 1.2.5 B – Die vloei van goedere en dienste ✓
- 1.2.6 C – Hulpbronne wat deur die regering geallokeer word ✓
- 1.2.7 I – Die minimum bedrag geld nodig om vir basiese behoeftes te betaal ✓
- 1.2.8 E – Verhouding tussen uitset tot inset ✓ (8 x 1) (8)

**1.3 KONSEPTE**

1.3.1 Ekonomiese goedere ✓

1.3.2 Mark ekonomie/Vryemark ekonomie ✓

1.3.3 Semistaatsinstellings/Ondernemings onder staatsbesit ✓

1.3.4 Skaarsheid ✓

1.3.5 Informele sektor ✓

1.3.6 Subsidies ✓

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE vlakke van die regering.**

- Plaaslike vlak ✓
- Provinsiale vlak ✓
- Nasionale vlak ✓

(Enige ander korrekte, relevante respons.)

Enige (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom is die publieke sektor belangrik?**

- Die publieke sektor voorsien publieke goedere en dienste wat benodig word. ✓✓

(Enige ander korrekte, relevante antwoord.)

(2)

2.2 2.2.1 **Watter metode is gebruik om Bruto Binnelandse Produksie te bereken in die bostaande tabel?**

Produksie metode ✓/BBP(P) ✓/Waarde toegevoeg ✓

(1)

2.2.2 **Watter jaar word vanaf 2020 gebruik as die basis jaar deur die SARB?**

2015 ✓

(1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *Bruto Waarde Toegevoeg***

Dit meet die waarde van goedere en dienste tydens elke fase in die produksie proses. ✓✓

(Enige ander korrekte, relevante antwoord.)

(2)

2.2.4 **Wat is die impak van 'n afname in primêre sektor aktiwiteite op produksie?**

Produksie sal afneem as gevolg van 'n afname in die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne wat benodig word vir produksie. ✓✓

(Enige ander korrekte, relevante antwoord.)

(2)

2.2.5 **Bereken die persentasie bydrae van die sekondêre sektor tot die Bruto Waarde Toegevoeg teen basiese pryse. Toon alle berekeninge aan.**

$$\frac{945\,944}{4\,161\,786} \times \frac{100}{1} \quad \checkmark\checkmark\checkmark$$

$$= 22,73\% \quad \checkmark\checkmark \text{ of } 23\% \quad \checkmark\checkmark$$

(4)

## 2.3 Bestudeer uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## 2.3.1 Identifiseer EEN ander produksie faktor wat nie in die uittreksel genoem word nie.

Kapitaal ✓/Natuurlike Hulpbronne (Land) ✓/Arbeid ✓ (1)

## 2.3.2 Voor watter jaar sou hierdie uittreksel geskryf gewees het?

2018 ✓ (1)

2.3.3 Definieer die term *entrepreneur*.

'n Entrepreneur is 'n agent wat al die produksiefaktore bymekaar bring vir vervaardigingsdoeleindes. ✓✓

of

Die entrepreneur organiseer of gebruik natuurlike hulpbronne, kapitaal en arbeid in 'n winsgewende besigheid sodat goedere en dienste vervaardig word om verbruikers se behoeftes en begeertes te bevredig. ✓✓  
(Enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

## 2.3.4 Hoekom is onderrigsgeleenthede belangrik vir entrepreneurskap?

Suid-Afrika het huidiglik 'n tekort aan geskoolde/opgeleide werkers. ✓✓  
of

Suid-Afrika het 'n surplus van ongeskoolde werkers en moet mense oplei en onderrig om geskoolde en semi-geskoolde werkers te wees. ✓✓  
of

Slegs deur onderwys sal die jeug in staat wees om aktief deel te neem aan die ekonomie. ✓✓  
(Enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2)

2.3.5 Wat is die verskil tussen 'n *suksesvolle entrepreneur* en 'n *onsuksesvolle entrepreneur*?

| Suksesvolle entrepreneur   | Onsuksesvolle entrepreneur  |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Herken en identifiseer nuwe en winsgewende geleenthede. ✓✓</li> <li>Het 'n duidelike verstandhouding van wat hy/sy wil bereik. ✓✓</li> <li>Oorreed ander om in te koop by hulle planne. ✓✓</li> </ul> (Enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2) | <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik bestaande of ou idees en ondersoek nooit nuwe produksie metodes nie of produkte nie. ✓✓</li> <li>Geen duidelike visie of missie vir die besigheid nie. ✓✓</li> <li>Kan nie mense oortuig om te investeer in hul besigheid of die produkte te koop nie. ✓✓</li> </ul> (Enige ander korrekte, relevante antwoord.) (2) |

(4)

2.4 Onderskei tussen *hernubare* en *nie-hernubare* hulpbronne.**Hernubare hulpbronne:**

- Hulpbronne wat vervang kan word deur natuurlike metodes. ✓✓
- Hulpbronne wat natuurlik vervang sonder ingryping, binne 'n korttermyn/mediumtermyn tydperk. ✓✓
- Vb. Weer (sonslyn, reën), plante en diere ✓

**Nie-hernubare hulpbronne:**

- Hulpbronne soos minerale, fossiel brandstowwe en olie moet spaarsamig gebruik word want die hulpbronne het 'n jaarlikse siklus van groei nie en neem miljoene jare om te vorm. ✓✓
- Kan nie vanself vervang word nie of dit kan baie lank neem om te vervang. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(8)

## 2.5 Hoe het die Suid-Afrikaanse regering gereageer op die sosiale en ekonomiese impak van COVID-19?

- Die Departement van Sosiale Welvaart het 'n verligtingstoelaag aan werklose individue verskaf (COVID-19 toelaag). ✓✓
- Die Nasionale Coronavirus Bevelraad adviseer die President van die land wanneer die nood ontstaan vir inperkings om die verspreiding van COVID-19 te minimaliseer. ✓✓
- Die uitvoerende kabinet het 'n solidariteitsfonds gestig waar beide die publiek en die privaat sektor bydrae kan maak om die Suid-Afrikaanse inwoners by te staan. ✓✓
- Die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) is beskikbaar gestel vir dié individue wat hul werk verloor het as gevolg van die impak van die COVID-19 pandemie. ✓✓
- Die president het die voorsiening van 'n R500 biljoen stimuluspakket aangekondig. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank het rentekoerse verskeie kere verlaag en dit makliker gemaak vir banke om geld te leen. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(8)

[40]

**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE****3.1 3.1.1 Noem TWEE verskillende ekonomiese stelsels.**

- Sentrale beplande ekonomie ✓
- Vrye mark ekonomie ✓
- Gemengde ekonomie ✓

Enige (2 x 1) (2)

**3.1.2 Hoekom is dit onmoontlik vir Suid-Afrika om 'n ryk land te word?**

- Inflasie neem vinniger toe as lone en salarisse ✓✓
  - Die produktiwiteitsgroei het swak gevaar (stadig) ✓✓
- (Enige korrekte, relevante antwoord.)

Enige (1 x 2) (2)

**3.2 DATA RESPONS****3.2.1 Identifiseer die ekonomiese stelsel waarna die "GRATIS GOEDERE" hierbo verwys.**

- Sentrale beplande ekonomie ✓

(1)

**3.2.2 Waarvan is die vryemark stelsel vry in dié suiwerste vorm?**

- Staat/Regeringsinmenging ✓

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese stelsel*.**

- Dit is die metode wat deur lande gebruik word om hulpbronne te allokeer. ✓✓
- (Enige korrekte, relevante antwoord.)

(2)

**3.2.4 Verduidelik die konsep van 'n *onsienbare hand* in die ekonomie?**

Die onsienbare hand is 'n metafoor vir die onsigbare magte wat die vryemark ekonomie beweeg. ✓✓

of

Deur die selfbelang van individue en vryheid van produksie en verbruik, word die beste belang van die gemeenskap as 'n geheel, voldoen. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

Enige (1 x 2) (2)

3.2.5 **Hoekom word die Suid-Afrikaanse ekonomie beskou as 'n gemengde ekonomiese stelsel?**

- Die regering speel 'n belangrike rol in die voorsiening van kollektiewe goedere en dienste asook in die regulering van die mark. ✓✓
- Suid-Afrika het 'n dubbele ekonomie met 'n hoogs ontwikkelde finansiële en industriële ekonomie. ✓✓
- Verbruikers het die vryheid om te besluit hoe hulle, hulle inkomste wil spandeer en wat om te verbruik. ✓✓
- Die regering gebruik voldoende monetêre en fiskale beleide om maksimum ekonomiese groei en kontinue prys stabiliteit te verseker. ✓✓
- Die regering se betrokkenheid in die mark sluit in ingryping om pryse te beheer om verbruikers en werkers te beskerm. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

Enige (2 x 2) (4)

3.3 **DATA RESPONS**

3.3 3.3.1 **Identifiseer die industrie wat die meeste afname getoon het in die grafiek hierbo.**

- Landbou (-13,2%) ✓ (1)

3.3.2 **Onder watter ekonomiese sektor word konstruksie geklassifiseer?**

- Sekondêre sektor ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *infrastruktuur*.**

- Die basiese fisiese en organiseerde strukture en fasiliteite (bv., geboue, paaie, krag voorsiening) benodig vir die funksionering van die samelewing en besighede. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(2)

3.3.4 **Hoe sal 'n toename in beleggingsbesteding die ekonomie beïnvloed?**

- Uitbreiding van die infrastruktuur ontwikkeling. ✓✓
- Toename in indiensname, produktiwiteit en produksie. ✓✓
- Toename in ekonomiese groei wat 'n positiewe impak op die ekonomie sal hê. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

Enige (1 x 2) (2)

3.3.5 **Onderskei tussen *reële beleggings* en *finansiële beleggings*.**

- Reële beleggings of bruto vaste kapitaal formasie is die besteding op bykomende kapitaal voorraad bv., masjinerie, strukture en voorraad. ✓✓
  - Hierdie beleggings word gedoen met die doel om wins in die toekoms te maak. ✓✓ (Maks. 2 punte)
  - Finansiële beleggings is beleggings in aandele en ander finansiële instrumente. ✓✓
  - Dit is 'n bate waarin geld gesit word met die hoop dat dit sal groei tot groter som geld. ✓✓ (Maks. 2 punte)
- (Enige korrekte, relevante antwoord.) (4)

3.4 **Verduidelik kortliks die ekonomiese belangrikheid van 'energie' as deel van Suid-Afrika se infrastruktuur.**

- Energie is belangrik vir die funksionering van die moderne samelewing. ✓✓
  - 'n Groot aantal energie word verbruik deur industrieë en huishoudings/industrieë kan nie funksioneer sonder energie nie. ✓✓
  - Die verlies van energie vir 'n kort tydperk kan lei tot massiewe verlies van inkomste vir besighede in alle sektore. ✓✓
  - Die gebruik van tegnologie om energie op te wek vanaf hernubare bronne is een van die grootste groei sektors. ✓✓
  - Die energie sektor neem 'n groot aantal mense in diens vanuit die arbeidsmag. ✓✓
  - Energie verdien buitelandse valuta deur die verkoop van elektrisiteit aan ander lande. ✓✓
  - Betroubare vervoer of kommunikasie is nie moontlik sonder elektrisiteit nie. ✓✓
- (Enige korrekte, relevante antwoord.) Enige (4 x 2) (8)

3.5 **Evalueer die regering se betrokkenheid in die verhoging van toegang tot ekonomiese geleenthede.**

Die regering het daarin geslaag om toegang tot ekonomiese geleenthede te verhoog deur:

- Verwydering van wetlike beperkings wat die toetreding van swart mense tot die hoofstroomekonomie gekeer het. ✓✓
- Die bekendstelling van beleide om nuwe geleenthede te skep asook om die deelname van swart mense in die eienaarskap, bestuur en beheer van ekonomiese aktiwiteite te verhoog, soos Wye Gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBBEE in engels). ✓✓
- Verbetering in die voorsiening van infrastruktuur (kommunikasie, vervoer en elektrisiteit) vir arm gebiede. ✓✓
- Desentralisering van ekonomiese aktiwiteite na voorheen/geskiedkundige benadeelde gebiede deur streeksontwikkelingsprogramme. ✓✓
- Voorsiening van gratis onderrig om die kwalifikasies van voorheen geskiedkundige benadeelde individue te verbeter. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

**(Aanvaar argumente wat handel oor die mislukking van die regering om toegang tot ekonomiese geleenthede te verhoog.)**

Enige (4 x 2) (8)

[40]

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE****4.1 4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van inspuittings.**

- Uitvoere ✓
- Regeringsbesteding ✓
- Beleggings ✓

Enige (2 x 1) (2)

**4.1.2 Hoekom word intermediêre goedere en dienste uitgesluit wanneer die BBP bereken word?**

- Indien intermediêre goedere en dienste ingesluit word, veroorsaak dit dubbeltelling wat die BBP onrealisties verhoog. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(2)

**4.2 DATA RESPONS****4.2.1 Identifiseer EEN inspuiting in die diagram hierbo.**

- Regeringsbesteding/Regeringsaankope ✓

(1)

**4.2.2 Noem die tipe ekonomie wat in die bostaande diagram verteenwoordig word.**

- Geslote ekonomie/Drie sektor ekonomie ✓

(1)

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *sirkulêre vloei*.**

- Die sirkulêre vloei model van die ekonomie is 'n vereenvoudiging wat wys hoe die ekonomie werk en die verhouding tussen inkomste, produksie en besteding in die ekonomie as 'n geheel. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(2)

**4.2.4 Wat is die hoofdoel van sosiale oordragte?**

- Herverdeling van inkomste/armoede verligting/om die wanbalanse van die verlede reg te stel/bevordering van gelykheid/gaping tussen ryk en arm kleiner te maak. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.)

Enige (1 x 2) (2)

**4.2.5 Hoekom is die faktormark belangrik in die sirkulêre vloei?**

- Faktormarkte help die ekonomie om te groei deur die voorsiening van 'n meganisme waar produksiefaktore mee gehandel word. ✓✓
- Huishoudings besit die produksiefaktore en verkoop die faktore op die inset mark en ontvang inkomste (lone, huur, rente en wins) waarmee hul goedere en dienste koop. ✓✓
- Besighede koop hierdie produksie faktore van huishoudings op die faktor mark om goedere en dienste te vervaardig. ✓✓  
(Enige ander korrekte, relevante antwoord.)

Enige (2 x 2) (4)

- 4.3 4.3.1 **Identifiseer EEN ander klassifikasie van finale verbruiksbesteding deur huishoudings wat nie in die bostaande tabel genoem word nie**
- Nie-duursame goedere ✓/Dienste ✓ (1)
- 4.3.2 **Wat is die tendens van die waarde van 'ander duursame goedere' vanaf 2012?**
- Toenemend ✓ (1)
- 4.3.3 **Definieer *duursame goedere*.**
- Sluit in alle goedere wat vir meer as een jaar kan gebruik word/Goedere wat vir 'n lang tydperk bruikbaar is. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.) (2)
- 4.3.4 **Verduidelik wat bedoel word met die term *teen konstante pryse* in die tabel hierbo?**
- Die waarde van huishoudelike besteding voor inflasie./Die onaangepaste waarde van huishoudelike verbruiksbesteding. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.) (2 x 1) (2)
- 4.3.5 **Hoekom is die finale verbruiksbesteding deur huishoudings belangrik in die ekonomie?**
- Huishoudings is die mees basiese eenhede in die ekonomie aangesien hul goedere en dienste verbruik, terwyl hulle ook produksiefaktore voorsien. ✓✓
  - Daar is 'n sterk verhouding tussen totale nasionale inkomste en die besteding deur huishoudings. ✓✓  
(Enige korrekte, relevante antwoord.) (2 x 2) (4)
- 4.4 **Bespreek ten volle, die verskil tussen *finale goedere en dienste* en *intermediêre goedere en dienste*.**
- Finale goedere en dienste**
- Goedere en dienste wat aangekoop word deur finale verbruikers om hul behoeftes en begeertes te bevredig. ✓✓
  - Die kopers van hierdie goedere en dienste het geen intensie om dit verder te verander vir die doel van herverkope. ✓✓ (1)
  - Die finale goedere en dienste kan verbruikersgoedere en -dienste wees of kapitaal goedere soos masjinerie. ✓✓
  - Kapitaal goedere word beskou as finale goedere aangesien hulle nie verder gaan verander word vir herverkope nie. ✓✓
  - Finale goedere en dienste word op die produk mark gekoop deur die vier ekonomiese deelnemers. ✓✓
  - Die goedere en dienste het die finale fase in die produksie proses bereik en besit die eienskappe van vorm nut. ✓✓
  - Finale goedere en dienste kan verdeel word in duursame, semi-duursame en nie-duursame goedere. ✓✓
- (Enige relevante antwoord wat met finale goedere en dienste verband hou.)  
(Maks. 4 punte)

**Intermediêre goedere en dienste**

- Intermediêre goedere en dienste is goedere en dienste wat gebruik word tydens die vervaardiging van ander goedere en dienste. ✓✓
- Finale goedere en dienste word geproduseer deur om intermediêre goedere te kombineer tydens die proses. ✓✓
- Sluit in alle goedere en dienste wat nie direk verbruik word nie. ✓✓
- Word gewoonlik aangekoop deur vervaardigers. ✓✓

(Enige relevante antwoord wat met intermediêre goedere en dienste verband hou)

(Maks. 4 punte) (8)

4.5 **Hoe kan die finale verbruiksbesteding deur die regering, die lewenstandaard verbeter?**

- Uitreiking van sosiale toelae vernou die gaping tussen die rykes en die armes. ✓✓
- Bou van infrastruktuur skep werksgeleenthede. ✓✓
- Voorsiening van gratis onderrig verbeter die geletterdheid- en syfervaardigheidskoers. ✓✓
- Voorsiening van kwaliteit gesondheidsdienste sal die lewenstandaard verbeter omdat mense gesond en produktief sal wees. ✓✓

(Enige korrekte, relevante antwoord.)

(2 x 4) (8)

[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK

| STRUKTUUR VAN OPSTEL   | PUNTE TOEKENNING         |
|--|--------------------------|
| <p><b>Inleiding:</b></p> <p>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.</li> <li>• Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.</li> <li>• Moet NIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE.</li> <li>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek.</li> </ul>   | Maks. 2                  |
| <p><b>Liggaam:</b></p> <p><b>Hoofgedeelte:</b> Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer<br/><b>'n Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.</b></p> <p><b>Bykomende gedeelte:</b> Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br/><b>'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.</b></p> | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| <p><b>Slot:</b></p> <p>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is</li> <li>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is</li> <li>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk</li> <li>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra</li> <li>• Aanbevelings</li> </ul>  | Maks. 2                  |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>40</b>                |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die volgende produksie faktore vir die vervaardigers van goedere en dienste:**
  - **Arbeid** (maks. 10 punte)
  - **Kapitaal** (maks. 10 punte)
  - **Natuurlike hulpbronne** (maks. 10 punte) (26 punte)
- **Hoe het landhervormings-programme (beleide) bygedra tot die akkommodering van ekonomiese gemarginaliseerde groepe?** (10 punte)

**INLEIDING**

Ekonomie verwys gereeld na produksiefaktore as insette. Die finale produk of diens wat gemaak word vanaf insette word 'n uitset genoem. ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte, relevante inleiding) (Maks. 2)

**HOOFDEEL****DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN ARBEID**

- Produksie kan nie plaasvind sonder fisiese en verstandelike inspanning nie. ✓✓
- 'n Ekonomie moet produksie verhoog om te kan groei. ✓✓
- Daarom het 'n ekonomie 'n geskikte arbeidsmag nodig met die regte aantal geskoolde en semi-geskoolde werkers. ✓✓
- Die tekort aan geskoolde arbeid, veral werkers met tegniese vaardighede, is een van die mees ernstige probleme in Suid-Afrika se arbeidsmark. ✓✓
- Baie Suid-Afrikaanse besighede is arbeidsintensief, so arbeidskoste maak 'n groot deel op van produksiekoste. ✓✓
- Die produktiwiteit van die arbeidsmag bepaal die spoed waarmee goedere vervaardig word, die kwaliteit en die koste van die uitset. ✓✓
- Indien produksie koste te hoog is, sal dit inflasie laat toeneem en die pryse van uitvoere minder kompetend maak op internasionale markte. ✓✓
- Vakbonde word dikwels aangekla dat hulle die pryse van lone opstoot sonder om maniere te vind wat produktiwiteit van lede verbeter. ✓✓
- Die rol van vakbonde is belangrik omdat dit werkgewers aanmoedig om meer aan grootmense onderrig en opleiding te bestee. ✓✓
- Onderrig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van arbeid in 'n land. ✓✓
- Indien die arbeidsmag opgelei is, is hulle geneig om meer produktief te wees. ✓✓
- Die Vaardigheidsontwikkelings Heffingswet van 1998 maak voorsiening vir 1% van 'n werkgewer se loon rekening om oor betaal te word aan die Nasionale Inkomste Fonds. ✓✓
- Hierdie geld word gebruik deur die Sektor Onderrig Opleiding Owerhede (SOOO's) om ons arbeidsmag op te gradeer. ✓✓ (Maks. 10)

## DIE EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN KAPITAAL

- Ekonomiese groei is 'n direkte resultaat van 'n toename in die kapitaalbesittings van 'n land. ✓✓
- Besparings skep kapitaal en 'n hoër belegging in kapitaal goedere. ✓✓
- Besparings is daarom die beginpunt vir ekonomiese groei en vordering. ✓✓
- Om die ekonomiese groei van Suid-Afrika te verhoog, sal verbruikersbesteding moet afneem. ✓✓
- Die surplus gelde kan dan gespaar word en kan in vaste beleggings omgeskep word. ✓✓
- Finansiële instansies sal meer geld beskikbaar hê om uit te leen aan besighede wat wil uitbrei. ✓✓
- Dit lei tot meer werksgeleenthede en minder werkloosheid. ✓✓
- Verhoogde inkomste van individue sal weereens meer besparings skep en so sal die ekonomiese groeisiklus aanhou. ✓✓
- Die kapitaal kan omgeskakel word in masjinerie en toerusting wat gebruik word om goeie kwaliteit goedere te produseer. ✓✓
- Hierdie goedere verhoog die plaaslike lewenstandaard deur die toename in keuses en verskeidenheid beskikbare produkte wat verbruikers het. ✓✓
- Goedere kan ook uitgevoer word en buitelandse valuta word verdien wat SA se afhanklikheid op invoere van ander lande kan verminder. ✓✓
- 'n Opkomende ekonomie soos Suid-Afrika het 'n groot aanvraag vir finale verbruikersgoedere. ✓✓

(Maks. 8)

## EKONOMIESE BELANGRIKHEID VAN NATUURLIKE HULPBRONNE

- Baie van die werksmag in ontwikkelende lande werk in landbou. ✓✓
- Daarom, skep natuurlike hulpbronne werksgeleenthede en die potensiaal vir werkskepping in die produksie van goedere en dienste. ✓✓
- Produksie van grond kan vermeerder word deur die gebruik van chemikalieë en kunsmis; en deur konservasie en grondbewerking. ✓✓
- Die eienaarskap van grond is 'n goeie aansporing om grond te bewaar en die kwaliteit te verbeter. ✓✓
- Water is 'n baie belangrike element in landbou en daarom ook belangrik in die produksie van goedere en dienste. ✓✓
- Baie ontwikkelende lande is afhanklik op die uitvoer van minerale hulpbronne. ✓✓
- Landbou aktiwiteite is 'n belangrike deel van sekere ontwikkelende lande. ✓✓
- Sekere lande is afhanklik van die uitvoer van vars vrugte, wyn en 'n verskeie tipes natuurlike kos. ✓✓
- Wanneer natuurlike hulpbronne uitgevoer word, kan lande van buitelandse valuta baat verwerf. ✓✓
- Dit dra by tot fiskale inkomste, inkomste en armoede vermindering. ✓✓

(Maks. 10)

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

**(Maks. 26)**

(Maksimum van 8 punte vir opskrifte, sub-opskrifte en voorbeelde.)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- **Hoe het die landverdelingsprogramme (beleide) bygedra tot die akkommodering van ekonomiese gemarginaliseerde groepe?**

Die landhervordelingsprogramme het bygedra op die volgende maniere:

**Die landhervormingsprogram: ✓**

- Die Wet op Landhervorming laat mense wie se grond mee weggedoen was, om die hulle grond op 'n wettige manier terug te eis of om betaling te ontvang. ✓✓
- Indien die eiendom in stedelike gebiede val, word die individue monetêr beloon vir hul verliese. ✓✓
- In die geval van landelike eise, word van die land terug gegee aan die wettige eienaars. ✓✓

**Die land-herverdelingsprogram: ✓**

- Sluit in die beskikbaarheid van grond vir landbou produksie of vir bestaanswyse. ✓✓
- Dit lê klem op die voorsiening van grond aan die arm, gemarginaliseerde mense vir kleinskaal boer, om inkomste te verdien. ✓✓

**Die vennootskap-program (boerdery)✓**

- Verseker dat plaaswerkers sekere aandele (winsdeling) kry op die plase waar hulle werk. ✓✓
- Die werkers is ook betrokke in gesamentlike besluitneming op 'n bestuursvlak. ✓✓
- Werkers verkry ook permanente woonreg na 'n sekere aantal jare of na aftrede, asook ander voordele. ✓✓

**Die HOP Behuisingsprogram: ✓**

- Gee inwoners met 'n lae-inkomste die kans om aansoek te doen vir die gesubsidieerde HOP behuisingskema sodat hulle skuiling aan hul families kan voorsien. ✓✓
- Die regering subsidieer die infrastruktuur kostes, soos sonkrag, voorafbetaalde kragmeters ens. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

**(Maks. 10)**

**SLOT**

Suid-Afrika het 'n oorvloed van natuurlike hulpbronne, en indien dit effektief gebruik word en tot hul volle potensiaal ontwikkel word, kan SA 'n volhoubare en floreerende ekonomie word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante hoër-orde slot)

**(Maks. 2)**

**[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE****(40 PUNTE – 40 MINUTE)****“Suid-Afrika is een die vele lande in die wêreld met ’n gemengde ekonomie.”**

- **Bespreek die eienskappe, voordele en nadele van ’n land met ’n gemengde ekonomiese stelsel. (26 punte)**
- **Analiseer die redes hoekom die Suid-Afrikaanse ekonomie meer regerings ingryping benodig. (10 punte)**

**INLEIDING**

Suid-Afrika se gemengde ekonomie is ’n mengsel van ’n mark ekonomie en ’n sentrale beplande (bevele) ekonomie. Die stelsel kombineer die voordele van albei sisteme. ✓✓  
**(Maks. 2)**

**HOOFDEEL****EIENSKAPPE**1. **Motivering: ✓**

In die privaat sektor van die gemengde ekonomie, word dit aanvaar dat verbruikers en vervaardigers gemotiveer is deur self-belang. ✓✓

In die publieke sektor word dit aangeneem dat motivering gebaseer is op die bevrediging van die sosiale behoeftes van die gemeenskap. ✓✓

2. **Eienaarskap: ✓**

Verbruikers, vervaardigers en organisasies besit die grootste deel van produksie faktore. ✓✓ Die staat besit besighede soos Transnet, Telkom, die Poskantoor, Denel, die SABC en die waterraad. ✓✓

3. **Mededinging: ✓**

In die privaat sektor word mededinging behou en ’n verskeidenheid goedere en dienste word geproduseer. ✓✓

- In SA, is mededinging in die privaat sektor behou en bevorder deur die Mededingings-wet. ✓✓
- Die publieke sektor voorsien beskerming, gesondheidsorg, onderwys, sosiale welvaart en ekonomiese dienste. ✓✓
- Regeringsbesighede is monopolieë ✓✓

4. **Staatsingryping: ✓**

Regerings gryp in om sosiale en welvaartsdoeleindes te bereik en markte se funksionering te verbeter. ✓✓

**VOORDELE**

## 1. Die privaat sektor: ✓

Private eienaarskap, die winsmotief en mededinging is die dryfkrag wat die vervaardiging van 'n verskeidenheid goedere en dienste verseker. ✓✓

- Invoere vul plaaslike verskeidenheid en keuse aan. ✓✓
- Uitvoere skep werksgeleenthede en dra by tot ekonomiese groei. ✓✓

## 2. Die publieke sektor: ✓

Beskerming, onderrig, gesondheidsorg, sosiale voordele en geleenthede vir die armes word voorsien. ✓✓

- Die publieke sektor hanteer markmislukkinge deur die voorsiening van infrastruktuur en die skepping van 'n soliede ekonomiese raamwerk. ✓✓

## 3. Optimale mengsel: ✓

Die optimale mengsel sal verseker dat alle inwoners 'n optimale lewenstandaard sal ervaar. ✓✓

- Die regering laat die privaat sektor toe om hul mark doelwitte na te volg. ✓✓

## 4. Die omgewing en menseregte: ✓

Gemengde ekonomieë het beter omgewing en menseregte rekords wanneer dit vergelyk word met sentrale-beplande of mark ekonomieë. ✓✓

## 5. Lok direkte buitelandse beleggings aan. ✓✓

**NADELE**

## 1. Skep armoede ✓ – die privaat sektor het geen beheer oor grond en kapitaal en werkers mag misbruik word. ✓✓

- Deur onvolmaakte markte, kan die privaat sektor verbruikers indoen en die ongelykheid van inkomste en welvaart vererger. ✓✓
- Beide die omgewing en menseregte word misbruik. ✓✓
- Armoede neem toe. ✓

## 2. Verdringing van die privaat sektor ✓ omdat die publieke sektor geen beheer oor die wetgewende proses het nie. ✓✓

- Die belastingsskaal en die staatsbesighede brei so uit dat privaat besighede verdring word en dit lei tot 'n afname in ekonomiese groei en werkskepping. ✓✓

3. Werkloosheid, inflasie en wisselende besigheidssiklusse. ✓✓
4. Inkomste is nie regverdig verdeel nie. ✓✓
5. Meer belasting op minder werkers. ✓✓
6. Sentralisering/konsentrasie van groei in stede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord.)

(Maksimum van 8 punte vir opskrifte, sub-opskrifte en voorbeelde.)

(8 x 1)  
INHOUD: (18)  
**(Maks. 26)**

### ADDISIONELE GEDEELTE

**Analiseer die redes hoekom die Suid-Afrikaanse ekonomie meer  
regeringsingryping benodig.**

- Hoë vlakke van armoede benodig meer regeringingryping om die armes te ondersteun. ✓✓
- Oortollige diensleweringproteste aksies maak dit duidelik dat die regering meer moet doen om die basiese behoeftes van die gemeenskappe te bevredig. ✓✓
- Misdaadsvlakke en algemene wetteloosheid (bv. ongehoorsaamheid aan padreëls) benodig meer polisiëring. ✓✓
- Onderhoud en uitbreiding van bestaande infrastruktuur (bv. elektrisiteit en publieke vervoer) benodig intensiewe regeringingryping. ✓✓
- Ongelykhede moet aangespreek word deur die regering met behulp van onderrig, die voorsiening van behuising en herverdelingsprogramme ✓✓ (bv. grond). ✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord)

**(Maks. 10)**

### SLOT

In Suid-Afrika, is die staat betrokke in die ekonomie/produksie-proses as 'n entrepreneur, organiseerder en wetgewer. ✓✓

**(Maks. 2)**

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante hoër-orde slot.)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**